
# BRAAF

## DIE BOERBOEL



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

## Die eerste dag van skool:




Dit voel regtig of ek nie hier hoort nie. Ek sal maar op die vloer lê en skryf. Hierdie netjiese poedels gril al klaar vir my; dit sal my hartjie baie seer maak as hulle nog vir my moet lag ook.
Siestog Braaf, jy kan mos nie so op die vloer werk nie. Jy kan met liefde by my tafel sit as dit vir jou gemakliker sal wees.
Dis so warm, Juffrou, en die vloer is lekker koel. Braaf het eintlik vir ons 'n goeie plan gegee!
Ek dink hierdie jaar gaan lekker wees al is ek die enigste boerboel in die klas. Ek was eintlik nogal braaf vandag!

**Dis braaf om te deel:**




Jy kan my kasie kry, Pieter. En Hennie, hierdie vrugterolletjie is nou joune.
Dankie, Braaf. Baie, baie dankie. Jy is die beste! Dit is so lekker om ŉ maatjie soos jy te hê. Môre bring ons weer vir jou verrassings saam!
Ek het my eetgoed met my maats gedeel al was ek ook baie honger.
Ek was baie braaf vandag!

**Dis braaf om te probeer:**





Braaf, nou kyk jy vir my in my oë. Meneer Windhond het net gesê ons almal moet deelneem. Dit beteken nie jy moet wen nie.
Almal gaan dink die resies is al verby en dan kom ek eers by die wenstreep aan! Ek is bang, ouens!
ATLETIEKDAG
Kom, Braaf! Jy kan dit doen! Nog net ŉ klein entjie! Hier is ŉ lekker been wat vir jou wag!
Ek het nie vandag gewen nie, maar dit maak nie saak nie, want ek was baie braaf om deel te neem.
1
2
3
4
5

**Dis braaf om jou sê te sê:**




Wat op aarde gaan hier aan? Allawêreld, julle morsjorse! Ek gaan nou dadelik kantoor toe om jul ouers te bel!
Dit is presies waarvoor ek bang was!
Braaf, Hennie en Pieter, kom asseblief na my tafel toe vir 'n beskuitjie. Ek gaan julle ouers bel om vir hulle te sê hoe soet hulle kinders is.
Dit is nogal moeilik om die waarheid te praat, veral as jy weet jou maats gaan vir jou kwaad wees. Maar op die ou end voel 'n mens se hartjie baie beter. Ek was baie braaf vandag!

**Dis braaf om vas te byt:**





Jy moet aanhou tot jy iets regkry. Vat eers bietjie ʼn blaaskans en drink die glasie melk. Ek is in my studeerkamer as jy my nodig het.
Kyk, Pappa, ek is klaar!
Ek wou amper moed opgee en ophou omdat dit te moeilik geraak het. Ek was baie braaf om aan te hou en vas te byt!

## Dis braaf om slegte geheime te vertel:




Meneer, ek moet met Meneer praat.
Julle sal nie glo wat gebeur het nie! Meneer Windhond het Rikus se ma gebel en sy gaan hom nou kom haal. En hy moet môre voor die hele skool vir my om verskoning vra.
Ek wonder hoe het meneer Windhond uitgevind ...
Daar is goeie geheime en slegte geheime. Slegte geheime moet 'n mens altyd vir 'n grootmens vertel. Ek was vandag baie braaf om 'n slegte geheim vir 'n grootmens te vertel!


**Dis braaf om iemand te help:**




Sal jy regtig so iets vir my doen, Braaf? Sjoe, jy is 'n goeie maatjie.
Ons het nie baie tyd nie, Hennie. Onthou om nie oor die lyne in te kleur nie.
Braaf, as dit nie vir jou was nie, sou ek 'n baie slegte dag gehad het. Dankie, my maat!
As 'n mens braaf is en ander mense help, voel jou hartjie sommer lekker! Ek was vandag baie braaf!

**Dis braaf om nie die verkeerde dinge te doen nie:**




Het jy dit gehoor, Braaf?
Wat sê die borrels in jou maag daarvan?
HOOF
Sien julle nou, die borrels in my maag was toe al die tyd reg.
ʼn Mens moet sommer baie braaf wees om nie die verkeerde dinge te doen wat ander wil hê jy moet doen nie. Ek was vandag baie braaf!

**Dis braaf om vrae te vra:**




Doen dit! Doen dit! Doen dit! Doen dit!
Ekskuus tog, Juffrou. Ek en Pieter het bietjie vergeet wat hergroepwatseding beteken en ons sommetjies is nou deurmekaar. Kan Juffrou asseblief weer vir ons verduidelik?
Ek het vandag ʼn vraag gevra al was ek bietjie skrikkerig. Dit was baie braaf van my!

**Dis braaf om te herken as mens iets verkeerd gedoen het:**




Maats, ek dink nie ek moes hom gestamp het nie. Ek wou hom net so graag ŉ les leer, maar dit was verkeerd. Ek moet gou iets gaan doen.



Dit was ek wat vir Rikus gestamp het, Juffrou. Ek is jammer ek het my maniere vergeet. Ek voel nou baie skaam en sleg.


Almal maak foute, maar dis belangrik om braaf genoeg te wees en te erken as jy iets verkeerd gedoen het. Ek was vandag baie braaf.

Ons wil graag ons kinders leer dat dit braaf is om soms ook bang en versigtig te wees, maar meeste van alles dat dit braaf is om iemand anders te help wat nie so bevoorreg soos jy is nie.

Jy is braaf as jy help, jy is braaf as jy gee.
Dit is ons almal se plig om 'n gesindheid van welwillendheid by ons kinders te kweek.

Maak vandag 'n verskil.
Besoek **www.tassie.co.za** en skenk 'n tassie vir 'n behoeftige graadeentjie of ondersteun die projek deur 'n T-hemp aan te koop by **www.boerboelwear.co.za**



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

TASSIE